16 Dae van Aktivisme: Veldtog Profiel

Vir die afgelope 24 jaar is die globale 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog toegeweid aan advokaatskap en koördinering van werk ter ondersteuning van 'n einde aan geslagsgebaseerde geweld op plaaslike en internasionale vlakke. Dit ontstaan uit die eerste 'Women's Global Leadership Institute' geborg deur die 'Center for Women's Global Leadership' in 1991 by Rutgers Universiteit. Die datums 25 November (Internasionale Dag vir die Eliminering van Geweld Teen Vroue) en 10 Desember (Menseregtedag) is gekies om die verband tussen 'n einde aan geslagsgebaseerde geweld en menseregtewaardes te beklemtoon, en om uit te lig dat geslagsgebaseerde geweld 'n skending van internasionale menseregte is.

Deel die Neem Aksie Pak!

Die 'Center for Women's Global Leadership' het materiaal vir die 2015 Neem Aksie Pak (NAP) beskikbaar gestel aanlyn en as uitdrukke. Deel met aktiviste geïnteresseerd in deelname aan die Veldtog!

Besoek ons webblad (http://16days.cwgl.rutgers.edu) om die NAP materiaal af te laai.

Hierdie 16-dae tydperk beklemtoon ook ander belangrike datums, insluitend 29 November, Internasionale Vrouemenseregteverdedigersdag, 1 Desember, Wêreld VIGS Dag, en 6 Desember, die Herdenking van die Montreal Slagting. Die 16 Dae Veldtog word herdenk deur individue en groepe regoor die wêreld wat 'n menseregteraamwerk gebruik as oproep tot die eliminering van alle vorme van geweld teen vroue, deur bewustheid te skep op plaaslike, nasionale en internasionale vlakke.

Wat is hierdie Jaar se Tema?

Die jaar 2015 merk die 24ste jaar van die 16 Dae van Aktivisme Teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog, begin in 1991 en gekoördineer deur die 'Center for Women's Global Leadership'. Deelname aan die Veldtog sluit in meer as 5,478 organisasies, beleidmakers, regerings, VN agentskappe, en tallose individue van meer as 180 lande wêreldwyd. Saam het ons aandag gevestig op kwessies van rassisme, seksisme, kulture van geweld, homofobie en het oproep gemaak vir die implementering van menseregteverpligtinge – insluitend die reg tot gesondheid en reproduktiewe regte – en 'n einde aan militarisme en geslagsgebaseerde geweld, onder andere. Die sterkte en lewensduur van die Veldtog is te danke aan hierdie duisende deelnemers soos jy.

"Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Maak Onderrig Veilig vir Almal!"

Hierdie jaar fokus die 16 Dae Veldtog spesifiek op die verhouding tussen militarisme en die reg tot onderrig in gevalle van geweldadige konflik, in betreklike vrede, en 'n verskeidenheid van onderrigomgewings, asook die verband met militarisme as 'n omvattende patriargale stelsel van diskriminasie en ongelykheid gebaseer op ons verhoudings tot mag.

Vorige Aksies Sluit In:

Filmvertonings, voorlees van digkuns, paneelbesprekings, voorleggings, musikale optredes en modevertonings as mediums om bewustheid en kritiese besprekings te skep gefokus op geslag, geweld, militarisme, gesinsgeweld en intieme lewensgenoot geweld; tegnologie en aktivisme; en eensame opsluiting van vroue, kinders en LGBTQ persone.

Onderrig is in die publieke belang en 'n fundamentele mensereg erken in Artikel 26 van die 1948 Universele Deklarasie van Menseregte en word gehandhaaf in verskeie streeks- en internasionale menseregtekonvensies en verdrae. Nogtans is die reg tot onderrig onderworpe aan politieke, ekonomiese en sosiale veranderinge en omverwerpings wat sekere groepe (veral vroue, meisies, mense met gestremdhede, LGBTQI mense, trekkers/swerwers en inheemse mense) veral kwesbaar en oop laat om die reg tot hierdie kritieke mensereg ontneem te word.

Sluit aan by die 16 Dae Veldtog!
Ons moedig groepe aan om:

- Hulle planne vir die 16 Dae Veldtog 2015 te fokus op aktiwiteite wat die vele uitdagings vir vroue op kampus, in die VS en/of regoor die wêreld aanspreek;
- Vry te voel om betrokke te raak by aksies rakende hierdie kwessies in wyses wat relevant is tot hulle spesifieke konteks. Deelnemers weet waarmee en met wie hulle betrokke kan raak – hulle regerings of gemeenskappe – om in 'n positiewe wyse op te staan teen die strukture wat geslagsgebaseerde geweld laat voortbestaan;
- Gebruik **#16Days** om te tjirp!

Vorige Veldtog Temas
Tot op datum het meer as 5,478 organisasies in meer as 180 lande in elke deel van die wêreld deelgeneem aan die 16 Dae Veldtog! Oor die jare het CWGL in konsultasie met vrouemenseregteverdedigers wêreldwyd gewerk aan temas en prioriteitareas. Hierdie temas sluit in:

- **1991/1992**: Geweld Teen Vroue Skend Menseregte
- **1993**: Demokrasie sonder Vroue se Menseregte . . . is nie Demokrasie nie
- **1994**: Bewustheid, Aanspreeklikheid, Aksie: Geweld Teen Vroue Skend Menseregte
- **1995**: Wene, Kaïro, Kopenhagen, Beijing: Bring Vroue se Menseregte Tuis
- **1996**: Bring Vroue se Menseregte Tuis: Verwesenliking van Ons Visies
- **1997**: Eis Vroue se Menseregte in die Huis en in die Wêreld
- **1998**: Bou 'n Kultuur van Respek vir Menseregte
- **1999**: Vervul die Belofte van Vryheid van Geweld
- **2000**: Vier die Tiende Herdenking van die Veldtog
- **2001**: Rassisme en Seksisme: Geen Meer Geweld
- **2002**: Skep 'n Kultuur Wat Sê 'Nee' vir Geweld Teen Vroue
- **2003**: Geweld Teen Vroue Skend Menseregte: Volhou die Momentum Tien Jaar Na Wene (1993–2003)
- **2004/2005**: Vir die Gesondheid van Vroue, Vir die Gesondheid van die Wêreld: GEEN MEER GEWELD
- **2006**: Vier 16 jaar van 16 dae: Bevorder Menseregte ↔ Beëindig Geweld Teen Vroue
- **2007**: Eis Implementering, Daag Struikelblokke Uit: Beëindig Geweld Teen Vroue!
- **2008**: Menseregte vir Vroue ↔ Menseregte vir Almal: Vier 60 Jaar van die Universele Deklarasie van Menseregte
- **2009**: Verbind ▪ Tree Op ▪ Eis: Ons KAN Geweld Teen Vroue Beëindig!
- **2010:** Strukture van Geweld: Definieer die Kruispunte van Militarisme en Geweld Teen Vroue
- **2011–2014:** Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Staan Op Teen Militarisme en Beëindig Geweld Teen Vroue!
- **2015:** Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Maak Onderrig Veilig vir Almal!

Waar Kan Ek Meer Inligting Kry Oor Globale Gebeurtenisse Beplan Vir Hierdie Jaar?
Gaan kyk na die 'International Calendar of Events' by: http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar/events. Indien jy 'n gebeurtenis beplan, stuur asseblief jou organisasie se naam, die datum, die plek, 'n kort beskrywing van die program en kontakbesonderhede aan 16days@cwgl.rutgers.edu.

Skakel In!

- 16 Dae Veldtog: http://16dayscwgl.rutgers.edu
- E-pos: 16days@cwgl.rutgers.edu
- Facebook: http://www.facebook.com/16DaysCampaign
- Twitter: @16DaysCampaign
- Sluit aan by die 16 Dae Listserv: https://email.rutgers.edu/mailman/listinfo/16days_discussion
- Internasionale Veldtog Kalender: http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar
- Lees ons blog: https://cwgl.wordpress.com